FEBA SUID-AFRIKA

# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS




## OKTOBER 2025

**Woensdag 1 Oktober:** "Deur die doop is ons dus saam met Hom in die dood begrawe, sodat, net soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, ook ons só 'n nuwe lewe kan lei" (Romeine 6:4 Afr20). Prys God vir die gawe van 'n nuwe begin en bid dat luisteraars dit deur FEBA sal ontdek.

**Donderdag 2 Oktober:** Bid asseblief vir Nopp en sy FEBA ELSEA-span se bediening aan etniese minderheidsgroepe in afgeleë dele van Suidoos-Asië. Buiten die vertaling en vervaardiging van inhoud, reis hulle op moeilike roetes om die evangelie in vyandige gemeenskappe te deel en gelowiges daar te ondersteun. Bid vir God se beskerming, wysheid en krag in hul bediening.

**Vrydag 3 Oktober:** Bid vir FEBA ELSEA se Hmong-luisteraars in Laos en Viëtnam, waar hulle Christus met lewensgevaar volg. Honderde gelowiges woon Bybelstudie op Zoom by met FEBA se Hmong-aanbieder, Phairot, en hulle is honger vir die evangelie. Bid dat FEBA ELSEA se luisteraars krag in God se Woord sal vind en ander na Hom toe sal lei.

**Saterdag & Sondag 4-5 Oktober:** In die Filippyne het sommige mense beperkte toegang tot opvoeding omdat hulle ver van skole af grootword, of omdat hulle weens omstandighede op 'n jong ouderdom moet begin werk. FEBA Filippyne werk saam met die regering om programme uit te saai wat mense help om hul basiese opvoeding te voltooi, wat vir hulle deure oopmaak vir nuwe moontlikhede in die toekoms. Loof God dat Hy FEBA Filippyne gebruik om hoop deur opvoeding te bring en bid dat FEBA se uitsendings luisteraars sal aanspoor om hul geloof in Christus te plaas.

---

**Maandag 6 Oktober:** Bid vir FEBA se opvolgwerkers in Eurasië. Hulle bou verhouding met luisteraars, besoek hulle, bring hulle in kontak met plaaslike kerke en reël dat hulle Bybels ontvang – selfs in plekke waar die evangelie nie welkom is nie. Bid dat hulle genoegsame krag en moed vir elke dag sal ontvang.

**Dinsdag 7 Oktober:** Bid vir FEBA Oekraïne se luisteraars. Dmitry, wat in Pokrovsk woon, deel onlangs: "Ons moet baie versigtig wees wanneer ons buite loop. Ons hardloop van boom tot boom sodat hommeltuig-operateurs ons nie sal sien en doodmaak nie. Ek het sopas 'n pa geword en ek moet bly leef vir my seun. Julle programme gee ons hoop."

**Woensdag 8 Oktober:** "Tot u eer wil ek sing, U, my Sterkte, want U is my veilige vesting, U is my troue God" (Psalm 59:18 Afr83). Bid dat FEBA Oekraïne se personeel en luisteraars in geloof sal volhard en in God se troue liefde sal skuil.

**Donderdag 9 Oktober:** Bid asseblief vir FEBA Eurasië se leiers – Ulanbek, Alexey, Oleg, Eduard, Igor, Ruslan, Umida, Ilia, Victor en Rudi. Hulle spanne werk in moeilike en gevaarlike milieus waar die evangelie dringend benodig word. Bid dat God hulle as leiers sal toerus met wysheid, moed en getrouheid aan God se Woord.

**Vrydag 10 Oktober:** Vandag is Wêreld Geestesgesondheidsdag. Luisteraars van alle ouderdomme kontak FEBA Oekraïne en FEBA Rusland op soek na hulp vir hul vrees, angs en depressie. FEBA deel dan met hulle die grootste bron van hoop en genesing: die evangelie. Bid dat hierdie luisteraars hul geloof in Christus sal plaas en hulle hoop en krag in Hom sal vind.

**Saterdag & Sondag 11-12 Oktober:** Tajikistan is die kleinste staat in Sentraal-Asië en meer as 90% van sy bevolking beoefen Islam. Godsdiens word streng gereguleer en Christene mag nie hulle geloof persoonlik of op skrif deel nie. FEBA se aanbieders gebruik stemwisselaars om hul identiteit te verbloem wanneer hulle God se Woord in kort Bybelprogramme deel. Hulle het ook onlangs 'n tienerprogram op sosiale media begin. Bid vir God se beskerming en moed waar FEBA Tajikistan die evangelie verkondig en vra Hom om herlewing in die land te bring.

---

**Maandag 13 Oktober:** Bid vir FEBA Kazakstan se jeugbyeenkomste, waar jong Christene en nie-Christene bymekaar kom om speletjies te speel en mekaar te leer ken. Dit skep 'n milieu waar FEBA die evangelie op 'n spontane wyse kan deel. Bid dat talle jong nie-gelowige Kazakke die byeenkomste sal bywoon en hul harte vir Christus sal oopmaak.

**Dinsdag 14 Oktober:** Bid vir luisteraars in Oezbekistan, soos Yulia, wat vreugde in Christus ontdek te midde van groot persoonlike uitdagings. Yulia, wat aan kanker en diabetes ly, sê: "Ek het hoop. Ek kan nou met my Vader in die hemel praat. Ek lees my Bybel elke dag!"

**Woensdag 15 Oktober:** "Verbly julle altyd in die Here! Ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby" (Filippense 4:4-5 Afr20). Loof God vir die miljoene mense wat in die geleentheid verkeer om die Goeie Nuus deur FEBA te kan hoor, en vra dat hulle met vreugde in Christus gevul sal word.

**Donderdag 16 Oktober:** 'n 12-jarige seun in Moldowa het onlangs vir FEBA gesê: "Die eerste keer dat ek gehoor het iemand het my lief, was op julle program." FEBA Moldowa se programme stel die evangelie aan kinders en jong volwassenes bekend deur video's, podcasts en byeenkomste. Bid dat FEBA Moldowa baie meer jongmense sal help om van God se liefde in Christus te leer.

**Vrydag 17 Oktober:** Bid asseblief vir FEBA Kirgisië waar die span te kampe het met vyandigheid en inperkings op godsdiensvryheid, bo en behalwe gesondheids- en tegniese probleme. Hul Bybelprogram ontlok heelwat negatiewe terugvoer, maar gelukkig gaan sommige van die reaksies oor in opregte gesprekke. Bid vir krag en genesing en vra dat FEBA Kirgisië se werk blywende vrug sal dra.

**Saterdag & Sondag 18-19 Oktober:** Die FEBA-span in Indië se bedieningsveld word toenemend moeiliker. In dele van die land teiken ekstremiste Christene met dreigemente, invalle en liggaamlike geweld, terwyl anti-bekeringswette strenger raak. Die span gaan egter voort om God se Woord getrou uit te saai en skep ook programme om luisteraars op te voed in onderwerpe soos geestesgesondheid, mensehandel en probleme in die werksplek. Bid dat FEBA se uitsendings in Indië vervolgde gelowiges sal bemoedig en ook nie-gelowiges na Christus sal lei.

---

**Maandag 20 Oktober:** Bid vir FEBA se bediening in Pakistan, waar die span ten spyte van teenkanting die evangelie deur verskeie radio- en aanlynkanale deel. Prys God vir Sy getroue bewaring van die personeel en bid vir wysheid en kreatiwiteit waar hulle nuwe inhoud skep. Vra ook vir meer geleenthede om afgeleë gemeenskappe reg oor Pakistan te bereik.

**Dinsdag 21 Oktober:** Loof God vir 30 jaar van seën vir FEBA Pakistan se Ewige Lewe-program. Een luisteraar sê: "Die Ewige Lewe-program is soos 'n kerk vir my en my gesin. Die manier waarop die predikant God se Woord verduidelik het my siel aangeraak en my gelei om Jesus Christus te volg. Vandag glo my hele gesin – vyf van ons – in Hom."

**Woensdag 22 Oktober:** "Amen, amen, Ek sê vir julle: Wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en vir hom is daar geen veroordeling nie, maar hy het uit die dood na die lewe oorgegaan" (Johannes 5:24 Afr20). Bid dat FEBA se programme luisteraars sal help om ewige lewe deur geloof in Christus te bekom.

**Donderdag 23 Oktober:** Bid vir FEBA se opvolgwerkers in Indië en Pakistan. Ter wille van veiligheid kontak hulle luisteraars meestal aanlyn, waar hulle altyd gereed moet staan vir moeilike gesprekke. Bid vir meer vrywillers om opvolgwerk in hierdie lande te doen en vra dat hulle gereed sal wees om 'n verduideliking te gee vir die hoop wat in hulle leef.

**Vrydag 24 Oktober:** Bid vir FEBA se bediening aan Moslems in Suid-Asië, Eurasië, Suidoos-Asië en Afrika. Elke kultuur bring sy eie uitdagings, maar mense se harte honger na die evangelie. Bid dat spanne sensitief vir God se leiding sal bly waar hulle nuwe inhoud skep en die evangelie met luisteraars deel.

**Saterdag & Sondag 25-26 Oktober:** FEBA Tsjad verkonding die Goeie Nuus getrou in N'Djamena se omgewing en luisteraars is gretig om aan die gebedsprogram deel te neem. Meeste versoeke gaan oor gebed vir werk. Hoewel Tsjad een van die laagste werkloosheidsyfers in Afrika het, is dit een van die mins-ontwikkelde lande ter wêreld en die gemiddelde inkomste is baie laag. Bid dat FEBA Tsjad luisteraars sal help om God se koninkryk te soek en hul geloof in Hom sal plaas om in hul behoeftes te voorsien.

---

**Maandag 27 Oktober:** Bid vir FEBA Malawi se bediening onder die Yao-mense. Bid vir genoegsame hulpbronne en oop harte om hulle te ontvang, vir veilige reise en wysheid, en vir God se voorsiening aan dié wat Christus ten koste van alles aanvaar. Prys Hom vir die kerke wat deur FEBA-luisteraars in Malawi, Mosambiek en Tanzanië geplant word!

**Dinsdag 28 Oktober:** 'n Luisteraar in Tsjad het onlangs gebed versoek vir sy ma wat siek was. 'n Week later het hy laat weet: "Ek dank God vir al hierdie wonderwerke in my ma se lewe. Te danke aan jul gebede, verbeter haar gesondheid mooi. Ek vra dat julle asseblief vir volkome herstel sal bid." Loof die Here!

**Woensdag 29 Oktober:** "Jesus sê vir hom: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My leer ken het, sal julle ook my Vader ken. En van nou af ken julle Hom, en het Hom reeds gesien'" (Johannes 14:6-7 Afr20). Bid dat FEBA-luisteraars die Vader deur Christus sal leer ken.

**Donderdag 30 Oktober:** Bid vir FEBA se stasies in Mali, Niger en Soedan. Al drie lande ly jare lank al onder verskriklike konflik, wat miljoene mense ontwortel en verarm gelaat het. Bid vir verligting van geweld en voedseltekorte. Vra ook dat luisteraars vrede in God se Woord sal vind deur FEBA se uitsendings en hul geloof in Christus as Verlosser sal plaas.

**Vrydag 31 Oktober:** Reg oor die wêreld maak FEBA staat op samewerking met plaaslike gemeentes. Wanneer luisteraars gereed is om hulself aan die Here te wy, plaas FEBA-spanne hulle in verbinding met 'n plaaslike gemeenskap van gelowiges waar hulle in geloof kan groei. Bid vir sterk vennootskappe tussen FEBA en plaaslike kerke in elke gemeenskap waar hulle bedien.




+27 12 335 5708
info@febaradio.co.za
www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801
FEBARadioSA
feba_radio_sa